Die Beleggings

. . . om hierdie paar minute saam met julle mense te hê. En ek is dankbaar vir, teenoor Broer Pearry, vir hierdie uitnodiging om hier te wees, en vir al julle samewerking.

2 Ek dink hierdie is ons derde besoek aan julle goeie stad. Ons het altyd die mense hier vriendelik gevind, en praat altyd, gee uit, of hulle jou ken, of nie. Ek het ’n paar van die sakepersele besoek, en hoe gaaf. Blyk altyd anders te wees as bo in die koue noorde. Hulle my sien inkom, bedien hulle jou en gaan uit, en dis al daarvan. Maar jy besoek baie selde ’n plek sonder dat iemand sê: “Dankie! Kom terug en sien ons weer!” Ek hou daarvan.

3 Dan, ek dink dat Broer Pearry hier, soos ek hom dit sal noem, net . . . Ek’s ouer as sy pa, so ek reken ek kan hom Broer Pearry noem. Ons het kwalik die seun geken, net op die bekendstelling van my seun, Billy Paul, wat skool toe gegaan het saam met hom. Maar as daar enigiemand in hierdie stad is, of rondom, binne die bereik van televisie, wat verlore sal wees op die laaste dag, sal dit nie wees omdat Broer Pearry nie elke poging aangewend het om mense by Christus te kry nie. Hy het sekerlik nie een steen onaangeroer gelaat nie. En ek ag hierdie ’n groot voorreg om hier te wees.

4 Toe Broer Pearry vir my gesê het, sou ek by “’n klein banket preek” wat hy sou hou, dat party van sy sakekollegas hier sou wees. Wel, ek is sekerlik nie ’n spreker nie. Ek—ek maak nie aanspraak om dit te wees nie, maar ek het gedink ek sou. Dit sou ’n eer vir my wees, na ’n uitnodiging soos daardie ontvang het, om te preek vir die—die . . . sy sakekollegas.

5 Ek het die voorreg gehad om internasionaal te reis, om die wêreld. En ek het baie gepreek vir die Volle Evangelie Sakemanstakke. En ek weet hierdie is net ’n tydjie van gemeenskap, so ek wil graag iets uitdruk wat oulik vir my was eenkeer. Daar was ’n man, nadat ek klaar gepreek het . . . Dit was almal sakemanne. En, so, daar het ’n kêrel buitekant na my toe gekom, en hy het gesê: “Jy’s ’n prediker, nie waar nie?”

En ek het gesê: “Ja, meneer.”

6 Hy het gesê: “Wat soek jy onder hierdie sakemanne?”

Ek het gesê: “Ek is ’n sakeman.”

So hy het gesê: “O, is jy?”

En ek het gesê: “Ja, ek—ek’s ’n sakeman.”

Gesê: “Watter soort besigheid is jy in, meneer?”

En ek het gesê: “Ewige Lewe Versekering [“Assurance.”].”

7 En hy het my nie net reg verstaan nie. Ek het dit vinnig gesê. Hy het gesê: "O, die—die Ewige Lewe Versekering ["Insurance"]." Ek het nooit versekering ["Insurance"] gesê nie; ek het versekering ["Assurance"] gesê, en hy . . . Maar ek het hom nooit gesê nie. En hy het gesê: "Die Ewige Lewe," gesê: "ek ken dit nie. Ek glo nie ek het ooit tevore daarvan gehoor nie."

Ek het gesê: "Dis jammer."

Gesê: "Wel," het hy gesê: "waar is die hoofkwartiere?"

Ek het gesê: "Hemel."

8 Ek is steeds in daardie besigheid. Ek wil graag 'n polis met enige van julle bespreek, na die diens verby is, vanaand. Ek is baie opgewonde met my werk. En, so, en ek het nooit nou gesê: "versekering" ["Insurance"] nie, ek het gesê "versekering" ["Assurance."]

9 Versekering ["Insurance"] is in die haak. Ek onthou . . . Natuurlik, ek het geen op hierdie tyd nie.

10 Ek onthou, nadat ek getroud is, het ek en my vrou eendag in die huis gesit. En 'n goeie vriend van my . . . My broer is 'n versekeringsagent, Western-Southern. Hierdie kêrel was 'n verkoopsman vir die Prudential. Ek het skool toe gegaan saam met hom, baie goeie seun. Sy—sy broer skryf *The Upper Room*, vir, ek glo hy is 'n Baptiste prediker, en hy skryf artikels in die koerantjie genaamd *The Upper Room*. Baie gawe mense. So hy het gekom om my te sien, eendag, en hy het gesê, hy het gesê: "Billy, ek—ek hoor dat jy eenkeer 'n bietjie seer gekry het met versekering."

En ek het gesê: "Ja."

11 Hy het gesê: "Dit het jou soort van 'n bietjie suur gevoel teenoor hulle gegee?"

Ek het gesê: "Nee, nie eintlik nie."

Hy het gesê: "Ek het gedink ek sou kom en 'n polis met jou bespreek, Billy."

12 En ek het gesê: "Wel," ek het gesê: "Wilmer, dankie," ek het gesê: "maar ek—ek het versekering ["Assurance"]."

Hy het gesê: "O, ek's jammer."

13 En my vrou het omgekyk na my, asof ek 'n huigelaar was. Sy het geweet ek het niks nie. Sy het net verwonderd na my gekyk. Ek het gesê . . .

14 "O," het hy gesê: "ek's jammer, Billy." Hy moes gedink het ek het by my broer, Jesse, gehad. En ek het gesê . . .

My vrou het na my gekyk. En hy . . . Ek het gesê: "Ja, ek het versekering ["Assurance."]."

En hy het gesê: "By watter maatskappy is jy?"

En ek het hom dieselfde ding gesê: "Die Ewige Lewe."

En hy het gesê: "O," gesê: "is dit al?"

15 En ek het gesê: "Ja. Ek het: Blye Versekering, Jesus is myne! O, wat 'n voorsmaak van Goddelike Heerlikheid! Ek's 'n erfgenaam van verlossing, gekoop deur God, Gebore uit Sy Gees, gewas in Sy Bloed."

16 Hy het gesê: "Billy, dis baie mooi. Ek waardeer dit. Maar dit sal jou nie hierbo in die begraafplaas sit nie."

17 "Maar," het ek gesê: "dit sal my uitkry. Ek is nie bekommerd . . . " Uh-huh. Ja. Ek is nie bekommerd om in te kom nie; dis uitkom.

18 Ek sal steeds graag 'n polis met julle bespreek, na die diens, as . . . Ek's seker Dis reg.

19 Nou, Ek laat gewoonlik die mense staan wanneer ons die Woord lees. Maar, vanaand, sal ek dit probeer uitlaat omdat dit so—so moeilik is vir julle om te staan. Maar net voordat ons die Woord lees, laat ons net ons hoofde buig vir 'n paar oomblikke, terwyl ons met die Outeur van die Woord praat. Terwyl ons soort van grappe gemaak het met mekaar, soort van losgemaak het, of, soos ons dit noem: "ons hare losgemaak het." Laat ons nou aan die gewyde kant kom, en die opregtheid, en ons harte draai na die Hemel soos ons die Woord oopmaak. Nou enige man wat in staat is om sy hande te beweeg, kan die Bybel oopmaak, maar daar is nie een wat regtig die begrip kan open behalwe die groot Heilige Gees nie, so laat ons met Hom praat.

20 Ons Hemelse Vader, ons is sekerlik verheug, vanaand, om saam met hierdie groep mense vergader te wees hier, hierdie kant van die Ewigheid, en hierdie goeie gemeenskap te hê. En terwyl ons om hierdie tafels sit, vanaand, oorkant na mekaar kyk, en sakekollegas en—en Christene, is ons bewus dat daar nog 'n tyd sal aanbreek waar ons sal ontmoet. Ons vertrou dat ons almal Daar sal wees, almal teenwoordig by daardie groot Bruilofsmaal in die Lug, wanneer die Koning sal uitkom, al die trane van ons gesig sal wegvee, en sê: "Dis wel gedaan, My goeie en getroue diensknegte, gaan in die vreugdes van die Here in, wat voorberei is vir julle vanaf die grondlegging van die wêreld."

21 As daar sommige sal wees, Here, wat U nie op daardie manier ken nie, en ek bid vanaand dat iets gedoen of gesê sal word wat hulle hulle denkwyse sal laat verander, te draai na U; of dit hier teenswoordig is, of deur die—die middel van televisie, of deur die bande wat sal uitgaan van hier af.

22 Seën ons nou saam, en seën die lees van U Woord. Draai ons harte en gedagtes na die einde van hierdie lewe, en wat ons toestand op daardie tyd sal wees. Want ons is seker, Vader, dat

almal van ons hierdie wêreld sal moet verlaat. Ons is sterflinge, en laat ons kyk na die Ewige Een, die enigste Een wat ons Lewe kan gee anderkant hierdie. Deur die Naam van Sy Seun, Jesus Christus, vra ons dit. Amen.

23 Ek wil graag julle aandag vestig, vir ’n paar oomblikke nou, op die lees van God se Woord. Ek wil graag begin lees uit Markus se Evangelie, ek dink die 10de hoofstuk, en vanaf die 17de vers.

> *En toe Hy op die pad uitgaan, hardloop daar een na Hom toe en val voor Hom op die knieë en vra Hom: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?*
>
> *. . .Jesus sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een,* en *naamlik God.*
>
> *Jy ken die gebooie: Jy mag nie egbreuk nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie valse getuienis gee nie, jy mag niemand te kort doen nie; eer jou vader en jou moeder.*
>
> *Maar hy antwoord en sê vir Hom: Meester, al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af.*
>
> *En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort — gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal* skatte *in die hemel hê; kom dan hier,* en *neem* jou *kruis op en volg My.*
>
> *Maar hy het treurig geword oor dié woord en bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad.*

24 Mag die Here Sy seëninge voeg by die Woord soos ons poog om ’n teks en ’n konteks hieruit te haal. Gedagtig nou aan die onderwerp om by sakemense te wees, en ek dink altyd dat sakemense altyd geïnteresseerd is in—in goeie beleggings, sodat ek nou ’n teks gaan noem vir die volgende paar oomblikke: *Die Beleggings*.

25 ’n Goeie sakeman is altyd op soek na ’n—’n goeie, veilige belegging. As hy dit nie doen nie, dan is hy nie ’n goeie sakeman nie. Hy moet soek na iets wat eg is.

26 En ek wil graag met julle praat oor die uitnodiging wat ek vir julle ’n paar oomblikke gelede gegee het, oor hierdie Ewige Lewe polis, soos ek myself bekend gestel het as ’n—as ’n sakeman. En ek het ’n besigheid. En ek wil graag ’n paar oomblikke met julle daaroor praat. En ’n paar Skrifte wat ek hier neergeskryf het, en teks, wil ek graag hierdie gebruik vir ’n paar oomblikke, hierdie notas.

27 Dis nie ’n—’n goeie besigheid om te dobbel nie. Enigiemand weet dit, dat dobbel nie ’n goeie besigheid is nie, want dit is om ’n kans te vat. Jy sien nooit, of selde ’n dobbelaar. . .Eendag is

hy ’n ryk man, en die volgende dag bedel hy. So jy vat te veel van ’n kans, om—om te dobbel. Ek dink ’n—’n—’n dobbelaar lewe net—net eenvoudig op die ingewing van die oomblik, en kyk nie vorentoe na die toekoms nie, of hy sou nie dobbel nie.

28 En ek glo ook nie in party van hierdie word ryk oornag beleggings, deur party ongeïdentifiseerde besighede nie. Nou, enige goeie sakeman sou nie ’n kans vat soos daardie nie, miskien met jou—jou lewe se spaargeld, jou verdienstes; en jy sou dit belê in ’n word-naby, word-vinnig-ryk en dis ongeïdentifiseerd. Iemand hardloop in met een of ander soort idee dat: “Hier het ons—ons ’n sekere firma hier,” daar is geen agtergrond daaroor nie. Ek dink ’n goeie, veilig denkende man sou dwaas wees om ’n belegging te maak in so ’n—’n maatskappy soos daardie.

29 Want, ek het ’n vriend gehad, eenkeer, wat—wat so—iets probeer het. En, toe hy het, het hy—hy alles verloor wat hy gehad het, en het hy al sy lewensverdienstes verloor. Omtrent gereed om af te tree, en hy het gedink: “Wel, Ek sal—ek sal hierdie kans vat,” want die man het gelyk asof hy geweet het waarvan hy praat. Maar, uitgevind die—die maatskappy was net ’n voorgee-maatskappy, en geen aandele of niks, so die arme kêrel het alles verloor wat hy gehad het.

30 So ek dink, as ’n man ’n goeie belegging wil maak, behoort hy eers sy maatskappy na te gaan, of waarin hy ook al sy belegging maak, en uitvind wat hy gaan maak. Ek dink enige regdenkende persoon sou dit doen.

31 En dan weer, voor ek aangaan, wil ek graag sê, dis nie ’n goeie idee om jou geld in jou sak te hou nie. Baie mense sê: “Ek sal—ek sal dit net in my sak hou, en ek—ek . . . en ek het dit.” Maar, jy weet, julle sakemanne en vroue, julle dink nie in daardie terme nie. En dis nie ’n goeie ding nie, want dit kan gesteel word.

32 Dis die beste om dit in sirkulasie te hê. Soos die Here gesê het, eenkeer, Hy het soveel talente vir soveel gegee, en so, en toe het Hy . . . hulle het ’n belegging daarmee gemaak. En diegene wat ’n goeie, veilige belegging gemaak het, Hy het hulle die dividende gegee. Maar toe die een man gesê het: “Ek—ek het dit net gehou. Ek—ek wou nie enige kanse daarmee vat nie. Ek—ek—ek het dit in my sak gesit. Of, ek het dit iewers begrawe.” Toe het Hy dit geneem wat Hy vir hom gegee het, en dit gegee vir die een wat meer dividende getrek het, wat dit in ’n goeie belegging gesit het. En dis hoe ons Here dinge doen.

33 Nou, as jy in iets sou gaan belê wat jy seker van sou wees, sou jy ’n goeie, betroubare firma vind wat bewys is dat dit reg sal beloon. Nou, dis ’n goeie, veilige belegging. Nadat jy die firma getoets het, jy sy agtergrond ken, met iemand gepraat het wat besigheid gedoen het met hierdie firma, en die getuienis

van almal gehoor het: "Dis 'n honderd persent. Hulle is altyd in die kol met hulle dividende. En—en daar is 'n groot bronkapitaal daaragter, dat die maatskappy nie bankrot gaan nie." En dis 'n goeie, veilige belegging. En nou, regdeur die lewe, is mense dit geleer.

34 Nou ons praat vanaand oor die Skrif, van 'n jong Hebreeuse seun, wat 'n—'n ryk soort kêrel was. Hy mag uit 'n baie goeie huis gekom het, sonder twyfel. Sy getuienis het gewys dat hy uit 'n—'n goeie huis gekom het. Hy was genoem, in die Bybel: "die ryk jongman." Ek gaan dit vanaand verander, net 'n bietjie, sê: "'n Ryk jong sakeman," want hy het 'n besigheid gehad, en hy was geïnteresseerd in—in besigheid. Sonder twyfel was sy vader 'n groot suksesvolle sakeman, of hy sou waarskynlik nie gehad het wat hy gehad het nie. Maar hy is grootgemaak om—om 'n sakeman te wees.

35 En hy het iets gesien in hierdie jong Kêrel van Galiléa, hierdie jong Profeet met naam van Jesus van Nasaret. Sonder twyfel het hy sy priester van Hom hoor praat, en miskien teen Hom. Maar toe hy sy eerste kykie gekry het na die Here Jesus, was daar iets omtrent Hom wat anders was as enige ander man.

36 En ek sê dit, as 'n Christen, dit het waarlik nie verander nie. Ons het groot teoloë in die land, dwarsdeur die wêreld, ons het hulle gehad het vir duisende jare, wat 'n—'n geloofsbelydenis aan ons kan bekend stel. En hulle is opgelei in daardie geloofsbelydenisse, en 'n kerk wat 'n—'n goed gevestigde kerk is. Maar dit is steeds nie my—my polis vanaand, waarvan ek praat nie. Ek praat van Ewige Lewe.

37 En hierdie jong kêrel, in die wete dat hy 'n lidmaat van die kerk was, maar iets anders in Jesus gesien het. So hy is die geleentheid gegee om 'n belegging te maak, toe hy Jesus gevind het en gesien het wat Hy gedoen het. En hy het sy Bybel gelees, en Jesus gesien dat die ding wat hy sy profete hoor lees het in sy kerk, en wat hulle was. En hy het sonder twyfel dit bestudeer. En toe toe hy gesien het in hierdie Jesus van Nasaret, wat veronderstel was om onder die mense te wees, die profeet, het hy iets in hierdie Man gesien wat Hom geïdentifiseer het met die Skrif.

38 En ek dink, vandag, het dit nie veel verander nie. Bybellesers en Bybelliefhebbers, wanneer ons regtig 'n kykie in ons intellektuele kry, van wat Jesus was en wat Hy is, verander dit ons hele gesindheid. Daar is geeneen soos Hy nie, maak nie saak hoe goed nie. Ons het gesê ons verstaan dat Hy . . . Ons veronderstel Hy het nie veel opleiding gehad nie, en Hy het gepraat soos 'n gewone mens, en aangetrek soos 'n gewone man, en gelewe saam met gewone mense. Maar tog was daar iets uitstaande omtrent hierdie man, en dit het die aandag van

hierdie jong kêrel getrek. Insoverre, dat, hy al die rykdom van die wêreld gehad het, miskien, wat hy nodig gehad het en kon gebruik in sy leeftyd, en hy was baie tevrede daarmee. Maar hy het gesien dat hierdie Man in die toekoms ingekyk het en vir hulle dinge vertel het wat sou kom, en Homself geïdentifiseer het in die Skrif, en God het Homself in dié Man geïdentifiseer.

39 Nou daar is nie 'n man wat lewe, wat by sy regte verstand is, behalwe wat altyd gewonder het waar hy vandaan kom, wie hy is, en waarnatoe hy gaan nie? Daar is baie boeke geskryf, filosowe het opgestaan en geval. Maar daar is net een Boek wat jou sal sê wie jy is, waar jy vandaan kom, en waarnatoe jy gaan, en dis die Bybel. Dis die enigste Boek. Van al die goeie boeke wat ons het, kan jy hulle weggooi, elkeen. Hierdie is die Waarheid. Enigiets teenstrydig Hiermee is nie reg nie. "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit faal nie. Elke man se woord sal 'n leuen wees; God s'n sal waar wees."

40 En wanneer jy iets so definitiefs voor jou sien, en die Skrifte het belowe vir daardie dag, wat daardie Messias moes wees. En hierdie jongman het gesien dat God dit identifiseer, toe het dit Jesus heeltemal anders gemaak as enige ander man wat hy ooit gesien het. So, hy is die geleentheid gegee.

41 Toe hy die Here Jesus gevind het, en Hom miskien in Sy byeenkomste en Sy dienste gesien het, het hy na Hom gehardloop en aan Sy voete neergeval, wat wys dat sy gesindheid van benadering reg was.

42 En hy het gesê: "Goeie Meester, wat kan ek doen om die Ewige Lewe te kry?" Nou dis die ding wat ter sprake is. Nie sy geld nie, of nie: "Kan ek by jou kerk aansluit, meneer? Of kan ek aan jou organisasie behoort?" nie. Maar: "Wat moet ek doen om die Ewige Lewe te kry?" Dit was die vraag.

43 En hy is die geleentheid gegee om Dit te ontvang, maar hy het 'n onbesonne besluit gemaak. Hy was. . .het dit verwerp. Hy was nie geïnteresseerd, toe hy uitgevind het wat daarmee saamgegaan het nie. Hy het besef, dat om dit te doen, dat hy sy gewildheid moes prysgee. Want, Jesus was ongewild, nie geglo onder, sou ek waarskynlik sê, negentig persent van die mense, of miskien was vyf-en-negentig persent. Hy was nie geglo, as een of ander "bose gees persoon" en dit is deur baie "Beëlsebub," 'n duiwel genoem.

44 En, tog, het die Skrifte Hom volmaak geïdentifiseer. Hy het terugverwys na hulle, gesê: "Ondersoek die Skrif, want in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe. En Dit is Dié wat van My getuig, of Wie Ek is."

45 Die Hebreeuse kêrel, wat grootgemaak is in 'n huis, en geweet het dat die Bybel hulle duidelik vertel het—het, die boekrolle. God Jehova het gesê dat: "As daar een onder julle opstaan, wat geestelik is of 'n profeet, sal Ek die Here Myself

bekend maak aan hom in visioene. En as wat hy sê gebeur, luister dan na daardie profeet, want Ek is met hom. Maar as dit nie gebeur nie, luister dan nie daarna nie."

46 Dis duidelike taal. Dis net gesonde denke. As hy dit gesê het, en dit gebeur nie, dan is dit 'n leuen. God het dit nie gesê nie. Maar as hy dit sê, en dit—dit gebeur wel, is dit waarheid; en niks is meer, meer waar as waarheid nie.

47 So hierdie jongman het dit gesien in die Here Jesus, en geweet dat Hy die sleutels tot hierdie Ewige Lewe gehou het, en hy wou hierdie Ewige Lewe hê, maar hy het die geleentheid van die hand gewys om sy belegging te maak. Hy was nie geïnteresseerd in so 'n belegging nie. Alhoewel die . . .

48 Hy was goed geïdentifiseer dat Hy die Seun van God was. Dis volmaak geïdentifiseer. Die maagd het swanger geword, die Seun voortgebring. Hy het elke teken gedoen wat die Messias veronderstel was om te doen.

49 Maar om Hom te aanvaar, moes hy wegkom van sy tradisie. Hy moes wegdraai daarvan.

50 Ons sou dit graag wou toeskryf net aan die . . . hierdie Joodse seun, maar dis jammer dat ons dit ook moet oplet, vandag, op dieselfde manier. Dis 'n groot prys. Ons kan dit toeskryf aan die kerke vandag. En baiekeer, mense wat hulleself gelowiges noem, en onwillig is om hulleself te skei en weg te kom van die dinge van die wêreld, soos hierdie jong man gevra was om te doen, om die polis van die Ewige Lewe te kry. Tog, nadat, ons Dit goed geïdentifiseer sien deur die Skrif, dat die Polisse steeds gegee word aan wie Dit ook al wil ontvang.

51 Soos ek gesê het, hy het iets in Jesus gesien, wat geen mens gehad het nie, maar die prys was so groot, dat hy nie die prys wou betaal nie.

52 Dis dieselfde ding vandag. Soos ek glo, vanaand, ek mag praat met verskillende denominasies, Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Rooms Katoliek, Ortodokse Jood, Boeddha, wat nog, dis die sakemense van die stede. Maar daar is, regtig, wanneer jy iets met jou eie oë sien, dat die Skrifte identifiseer om die waarheid te wees; sou ons baie onredelike mense wees, dat, as ons geïnteresseerd is in Ewige Lewe, om Dit te weier. Dit sou 'n—'n onbesonne besluit wees, soos hierdie jongman gemaak het. Baiekeer, maak selfs ons geestelikes vandag hierdie selfde onbesonne fout, hoewel bekwame skoliere van geloofsbelydenisse, wat dit van A tot Z ken. Maar, onthou, daardie priesters in daardie dag het die boekrolle geken, van A tot Z, ook, maar hulle het nie gesien wat hierdie jongman gesien het nie.

53 En hy was geïnteresseerd in—in Jesus om vir hom die Ewige Lewe te gee. Maar toe hy uitgevind het wat dit hom sou kos, toe was hy nie geïnteresseerd nie.

54 Julle weet, die Bybel vertel ons, in hierdie eeu waarin ons lewe, soos ons kosbare Broer Pearry hier aan ons uitgebring het, dat hy geglo het dat dit in die laaste dae was. Ek glo dit sekerlik, deeglik met my hele hart. Ek glo dat die Skrif dit identifiseer.

55 Ek glo dat—dat—dat wetenskap dit identifiseer. Wetenskaplikes sê: "Dis drie minute voor middernag. Die—die . . . Ons programme wat ons op die televisie sien, en—en op radio, en—en hoe ons mense optree, dis . . .

56 Soos ek 'n opmerking hier gemaak het, of iewers anders, dat dit my herinner, van al die aanganery wat hulle het, herinner dit my aan 'n seuntjie wat deur 'n begraafplaas gegaan het in die nag, aan die fluit, om homself te laat dink hy's nie bang nie, maar hy is.

57 Dis wat fout is met al ons draai na alles wat ons doen vandag, met al ons gewilde aangaan. Ons probeer mense laat dink dat ons nie weet dat die uur op hande is nie, maar ons weet dit is. Ons wetenskaplikes weet dit. Ons . . . Die pentagon weet. Almal, ons almal weet dat daar iets gaan gebeur. Jy, jy kan dit reg in die atmosfeer voel, en ons weet dis op hande.

58 En ons Bybel sê vir ons, in Openbaring die 3de hoofstuk, dat die kerk in hierdie eeu geïdentifiseer gaan word, net soos hierdie ryk jong, Hebreeuse seun: "ryk, aan niks gebrek nie," hierdie Laodicea Eeu. As daar dalk predikers hier is, of Bybellesers, hierdie is die Laodicea Eeu. En dit het gesê: "Omdat ek ryk is, sit soos 'n koningin, aan niks gebrek het nie." Gesê: "Weet jy nie dat jy ellendig is, arm, blind, beklaenswaardig, nakend, en dit nie weet nie." Die treurige ding van hierdie Skriftuurlike aanhaling is . . .

59 As ons 'n man of 'n persoon in die straat sien, wat blind en nakend en beklaenswaardig en arm is, sou dit—dit 'n verskriklike gesig wees. Daar is niemand wat nie na hulle sal hardloop so vinnig as wat hulle kon nie, en sê: "Vriend, jy's nakend. Jy moet—jy moet . . . Jy's blootgestel. Kom in, vinnig, en—en—en laat ek jou klere gee. Ek sal jou iewers heen neem om te kyk of ek 'n dokter kan kry, dat hulle jou sig kan herstel," of probeer om iets vir die persoon te doen nie.

60 Wat as jy 'n persoon soos daardie sou ontmoet, en hulle sou omdraai en vir jou sê om jou met jou eie sake te bemoei? Hulle weet nie eens hulle is in daardie toestand nie. Nou as jy so is, en jy weet dit, is dit nie te erg nie. Maar as jy so is, en dit nie weet nie, dis die slegte deel. Jy kan hulle nie sê nie.

61 En hierdie Skrif moet vervul word, soos alle Skrif vervul moet word. Die Bybel het gesê dat hierdie die toestand in die

laaste dae sou wees. En hulle het Jesus geweier, en Hy was aan die buitekant van die kerk, om te probeer inkom. Dit geweier, net so duidelik soos hierdie jong Hebreër het. En hierdie was die Heidenkerk, die Bruidkerk, uitgeroep, genoem "die Christenkerk," in die laaste dae, maar hulle het Hom uitgesit vir dieselfde rede wat hierdie jong Hebreeuse sakeman Hom uitgesit het. Die prys was te groot. Hulle kon Dit nie ontvang nie.

62 Die Bybel het hier gesê dat hulle "ryk" was, gesê hulle "het aan niks gebrek gehad nie." Hierdie jongman was ryk, het aan niks gebrek gehad nie. "Ons is 'n goeie denominasie wat groot ordes gebou het. Ons het die broederskap. Ons het al *hierdie*, *daardie*, of die *ander*. Ons het ons geloofsbelydenisse vir die honderde jare gehad. Ons is gesetel. Ons het aan niks gebrek nie. Moenie ons enigiets Daarvan vertel nie!"

63 Wel, dis meer van 'n arrogante gesindheid as wat hierdie jong kêrel ingeneem het. Hy't nie daardie soort gesindheid ingeneem nie. Die Bybel het gesê, dat: "Jesus na hom gekyk het en hom liefgehad het."

64 Ek wonder vandag, of te midde van al ons verwarring en ons wêreldsheid, en tog probeer vashou aan ons Christen belydenis, of dit nie die liefde van God is wat die bediening dwing om op die veld te bly nie. Ek wonder of dit nie dieselfde ding is, soos ons Hom hier vind aan die klop aan die deur, om te probeer inkom nie. Nou vind ons hierdie dinge, hulle almal deur die eeue, was dit so.

65 Nou, om tyd te bespaar, weer van die polis te praat, en dit net vir julle tydelik omskryf.

66 Nou hierdie ryk seun, hy het nie gevra om by Sy kerk aan te sluit nie. Hy—hy het aan die kerk behoort. Dit het dit bewys.

67 Jesus het vir hom gesê: "Onderhou die gebooie. Jy ken hulle. Moenie owerspel pleeg nie. Moenie steel nie. Moenie lieg, niemand te kort doen nie. En, en doen, en—en eer dan jou vader en moeder."

68 En hierdie jong kêrel het bewys hy was 'n—'n goeie, opgevoede seun, nie net een wat ons vandag sou noem, 'n—'n skurk nie. Hy was 'n goeie soort seun, grootgemaak in 'n goeie huis. Hy het gesê: "Meester, ek het hierdie dinge gedoen vandat ek 'n seun was, my hele lewe." Sien, dit het gewys dat sy ouers goeie ouers was. Hy het na 'n kerk gegaan wat geglo het in die onderhou van die gebooie. Maar tog, in die kerk, in die onderhou van die gebooie, het steeds nie beantwoord wat hy in Jesus gesien het nie. Hy het geweet.

69 Met ons geloofsbelydenis en met ons kerk, en die onderhou van die gebooie, gee ons steeds nie Ewige Lewe nie. Dit het nie toe nie, ook doen dit dit nie vandag nie. Daar is iets wat jy moet doen.

70 Nou, ons vind dat dit nie was omdat hy nie ’n kerklidmaat was nie. Dit was nie omdat hy nie moreel reg was nie. Hy was.

71 Maar ons kan ’n kerklidmaat wees, en moreel reg, steeds nie Ewige Lewe kry nie. Nie om die Woord te ken nie; party van hulle is teoloë, en geleerdes, en Sondagskool onderwysers, Bybel uitlêers, maar dit beteken nie enigiets nie. Satan ken die Bybel beter as enigeen van ons. Die Bybel het gesê: “Om Hom te ken, is Lewe,” nie die Woord te ken nie. “Hom te ken, is Lewe.” Satan glo ook en bewe. Maar ons moet ’n ondervinding hê van ’n dood, begrafnis, en opstanding, uit ons ou lewe, na die nuwe Lewe wat in Christus kom. Dit kom slegs deur die Heilige Gees, die nuwe Lewe.

72 Nou laat ons party van hierdie mense af deur die eeue ondersoek, wat hierdie polis gehad het, en kyk of dit betaal of nie. Dan wil ek graag net aan julle oorbring, soos ek julle vertel het in die begin, dat jy iemand behoort te raadpleeg wanneer jy ’n belegging gaan maak; vind uit wat gebeur, wat, is dit betalend. Jy behoort dit in jou besigheid te doen. Ek wil praat van ’n paar van die houers van hierdie polis.

73 Ek bring onder julle aandag, vanaand, terug in Génesis, na ’n profeet met die naam van Noag. Hoewel hy beproef was op enige manier wat hy kon, op elke manier wat Satan hom kon beproef, om hom daardie polis te laat opgee; maar Noag het die belofte van God vasgehou, die polis van die Lewe, want God het vir hom gesê dat alles buite daardie ark vernietig sou word, en hoewel dit soort van ongewoon gelyk het vir die modern denkende mense van sy dag.

74 Dis wat die Evangelie maak vandag. Dis die ongewoonheid, want God is ongewoon. Sy Woord word ongewoon geïnterpreteer teenoor wat ons Dit somtyds interpreteer.

75 Maar, soos ek tevore gesê het, God het niemand nodig om Sy Woord te interpreteer nie. Hy doen Sy Eie interpretasie, deur—deur dinge te laat gebeur wat Hy gesê het Hy sou doen. Hy interpreteer Sy Eie Woord. Hy het nie ons interpretasie nodig nie. Dis, ons interpretasie is ons eie mensgemaakte gedagtes wat ons Daarin sit.

76 Toe God gesê het: “Laat daar lig wees,” en daar was lig. Dit het geen interpretasie nodig nie.

77 God het gesê: “’n Maagd sal swanger word,” en sy het. Dit het geen interpretasie nodig nie.

78 Jesus het gesê: “Die Seun van die mens gaan op na Jerusalem en word oorgegee in die hande van sondige mense. Hulle sal Hom kruisig, en op die derde dag sal Hy weer opstaan.” Dit het geen interpretasie nodig nie.

79 Hy het gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie; tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die eeu, tot die voleindiging." Hy's hier. Dit het geen interpretasie nodig nie. Dis Sy belofte.

80 "Die werke wat Ek doen sal hy ook doen. Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen." Dit word gevind in Johannes 14:12. En ons weet dat dit waar is, so dit het geen interpretasie nodig nie.

81 Noag, met die Woord van God, het Daaraan vasgehou, omdat hy 'n polishouer van Lewensversekering ["insurance"] was, Lewensversekering ["assurance."] Hy het die polis gehad. En hy was 'n agent vir die polis, en hy het oral uitgegaan. Maar omdat dit ongewild was, kon hy niemand kry om dit te neem nie, net sy eie familie. Hy was . . . Sy—sy polis was blykbaar outyds, vir die mense. Dit was blykbaar teen die wetenskaplike redenasie van die dag. "Reëns wat afkom uit die hemel."

82 Dit het nooit op die aarde gereën nie, onthou julle. Die wêreld het regop gestaan. Ons kan dit vandag bewys, dat dit eenmaal so gestaan het. En God het plantegroei deur besproeïng natgemaak, uit fonteine in die aarde.

83 Nou wetenskap, in daardie dag, was waarskynlik baie slimmer as wat hulle nou is, want hulle het die sfinkse en die piramides gebou, en—ensovoorts, dinge wat ons nie kan poog om vandag te doen nie. Ons het geen kragte wat dit kan—kan doen nie, maar hulle het dit gebou. En ek veronderstel hulle het waarskynlik die maan geskiet met radar of wat ook al hulle in daardie dag gehad het.

84 Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag," nog 'n beskawing soos daardie: "so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens."

85 Ons sien hier onlangs waar hulle 'n moderne waterwerke opgegrawe het in ou Mexiko, glad geen geskiedenis daarvan nie. Sien, dit mag gewees het uit een of ander vergange eeu.

86 Jesus het gesê: "Soos dit was in daardie dag," slim mense, intelligent. Maar as dit was, dan sal daar 'n Lewenspolis wees wat aangebied word aan die mense. Hy het so gesê.

87 En, Noag, hy mag miskien nie in staat wees om te verduidelik nie. Soos wetenskap gesê het: "Ons kan die instrumente neem en bewys daar is geen reën daarbo nie. Meneer, jy is van jou verstand af." Maar steeds het hy geweet die Stem wat met hom gepraat het was God.

88 So as God gesê het: "Daar was water wat van bo af sou kom," hoewel daar geen water was nie, God is Elohim, die selfbestaande Een. Hy is die Algenoegsame. As Hy gesê het: "Daar gaan water daarbo wees," is Hy in staat om water daarbo te sit, om Sy Woord te hou.

89 Ons vader Abraham, wat die vader van baie nasies is. As daar dalk Joodse mense hier sit, wonder hoe die Heidene ingebring is, Abraham was die vader van baie nasies. "En hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie." Hy het ook 'n polis gehad. God het vir hom 'n belofte gemaak, om die vader van baie nasies te wees; nie net die Hebreeuse nasies nie, maar ander nasies, waarvan hy die vader sou wees.

90 Let op, soos hy het, die belofte van God wat vir hom gegee was, was onbesonne, radikaal. Hy was vyf-en-sewentig jaar oud, en Sara was vyf-en-sestig, voor hy die belofte gekry het. Maar hy het homself afgesonder van die ongelowiges, want hy het geweet hy was die erfgenaam van geregtigheid volgens die wil van God, en maak nie saak hoe lank dit geneem het nie!

91 Miskien het die eerste maand verbygegaan en hy het vir Sara gesê: "Hoe voel jy?"

"Daar is geen verskil nie."

92 Gesê: "Ons sal die baba hê, in elk geval, God het so gesê. Gaan voort en maak die babaskoentjies. Maak alles gereed. God het gesê ons sou dit hê. Dit handel dit af."

Die eerste jaar het verbygegaan. "Skat, hoe voel jy?"

"Niks anders nie."

93 "Wel, dit gaan 'n groter wonderwerk wees as wat dit was as dit die eerste maand gebeur het."

94 Sien, sy was omtrent tien jaar verby menopouse toe die belofte gegee is. Hulle het geen kinders gehad nie. Sy was onvrugbaar, en hy was steriel. So hulle. . . Maar hy het steeds daardie polis gehad, want dit was die Woord van God, 'n belofte. Hy sou nie afstand doen daarvan nie. En die Bybel het gesê, dat: "Abraham het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie. Maar was sterk, hy het God geprys; in die wete, dat, Hy in staat was om te doen wat Hy belowe het om te doen." So die kind is gebore, omdat hy die—die polis gehad het.

95 Noag het sy polis gehad, en dit het sy lewe gered. Dit was die uitbetaling. Nie alleen sy lewe nie, maar sy familie se lewe; uitbetaal, deur hulle te red.

96 Laat ons met nog 'n belegger praat in hierdie Ewige Lewe versekering. Daniël die profeet, toe soos ons dit sou noem. . . As julle my dit verskoon, as 'n wêreldse uitdrukkking; ek behoort dit nie te maak, veronderstel ek, hier by die preekstoel nie. Dis die enigste manier wat ek weet hoe om dit te maak: "wanneer die poppe gaan dans." Koning Nebukadnésar het ingekom en die kinders van Israel geneem omdat hulle weggegaan het van God. Hulle het; steeds al hulle offerandes gemaak.

97 Toe God hulle gevra het om lammers en kalwers te offer, ensovoorts. 'n Man, 'n goeie Jood, het in die pad af geloop, met 'n vetgemaakte kalf of—of—of 'n lammetjie onder sy arm. Op

die dag van die versoening, het afgegaan om dit vir sy sonde te offer. Hy was opreg toe hy daardie lam doodgemaak het, die priester dit gesteek het. En hy het sy hande daarop gehou, in die wete dat die lewe geneem is om sy lewe te red. Hy was opreg daaroor. En solank hy opreg was, was dit in die haak. Maar die tyd het aangebreek toe dit 'n familie tradisie geword het. Toe het God gesê, Hy sou 'n profeet op die toneel stuur, met die naam van Jesaja, Hy het gesê: "Julle offerandes, plegtige feeste, stink in My neus."

98 Dis waarby ons mense gekom het. Ons het by die kerk aangesluit. Wat, dis in die haak, ons doen daardie dinge. Maar, jy sê, is jy 'n Christen? "Ek's Metodis. Ek's Baptis. Ek's Presbiteriaan, Pinkster, of iets anders." Dis 'n tradisie. Daar is geen ingaan, in opregtheid, meer nie. Hulle wil nie opbeweeg, ooreenstem met die Skrifte en dinge nie. Hulle lewe net op enige manier wat hulle wil. As hulle 'n pastoor het wat hulle probeer korrigeer, gooi hulle hom uit. Hulle het niks met hom te doen, as hy nie Hollywood in die kerk kan inbring nie; partytjies, banko partytjies, sop aandetes, en alles anders nie; laat die vroue optree net soos hulle wil, en aantrek net soos hulle wil, onsedelik, enigiets. Seksuele aantrekking word 'n—'n moderne gier. Dis 'n skande.

99 Jesus het gesê, aan daardie vrou. Jy mag so deugsaam wees as wat jy kan wees, maar jy sal antwoord vir owerspel op die dag van die oordeel, jy wat daardie klere dra. Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk, om haar te begeer, het alreeds in sy hart owerspel gepleeg met haar." Dit maak nie saak hoe onskuldig jy is nie, daardie sondaar sal antwoord vir owerspel, en jy's die een wat dit voorgestel het. Julle Christene, is julle nie skaam nie? Julle behoort op te tree soos dogters van God.

100 En julle mans, lidmate van die kerk, diakens, selfs tot predikers, wat julle vroue sal toelaat om dit te doen, julle behoort seuns van God te wees. Dit klink nie soos die gedrag van 'n seun van God met die natuur van sy Vader in hom nie. Bang om iets te sê omdat die organisasie jou sal uitgooi. Dis reg.

101 Daniël het voorgeneem in sy hart dat hy nie sy belegging sou besmet nie. Hy het voorgeneem: "Maak nie saak wat die wêreld, hoe ryk die koning word nie, en hoeveel hy my probeer afkry in die dinge van die wêreld nie, ek gaan dit nie doen nie. Ek gaan nie my belegging besmet nie."

102 O Christenwêreld, moenie julle belegging besmet wat julle gemaak het in Ewige Lewe nie. Julle sal dit besoedel.

103 Daniël het voorgeneem dat hy dit nie sou doen nie. Dit het uitbetaal, deur sy lewe te red toe hy in 'n leeukuil gegooi is. Sy belegging het regtig uitbetaal.

104 Die Hebreeuse kinders was vasbeslote dat hulle nie ’n afgod sou aanbid nie. En dit het uitbetaal, deur hulle lewe te red in ’n vuuroond.

105 Toe het Simon Petrus gekom, ’n goeie Fariseër, wat deur sy vader geleer is, dat die dag sou aanbreek wat—wat daar die Messias sou kom. Regdeur die eeue, het die Joodse mense daarna gesoek. En sonder twyfel dat sy vader hom vertel het: “Seun. . . ” Ek—ek het ’n storietjie gelees, eenkeer, daaroor, mag fiksie gewees het. Ek sê nie dit was waar nie.

106 Maar hy het gesê: “Ek het gesoek na die tyd van die komende Messias.” En gesê: “Ek—ek—ek weet dat voor daardie tyd aanbreek, sal daar alle soorte ismes, valse dinge wees wat aangaan. Maar, seun, as ’n Hebreër, word ons geleer as Hebreërs, om ons profete te glo, want die Woord van die Here kom na die profete, en hom alleen. Die Here het gesê: ‘Ek doen niks voordat Ek dit nie eers aan My profete openbaar nie.’ En hierdie Messias, volgens Moses: ‘Die Here julle God sal ’n profeet onder julle oprig, uit julle broers, soos ek.’ En die Messias sal nie ’n opvoedkundige wees nie. Hy sal nie ’n denominasie wees nie. Hy sal ’n profeet wees, en die Woord van die Here sal met hom wees.”

Andreas het Johannes hoor praat van so een wat kom: “die Doper.”

107 Maar toe, eendag, het Simon self in die teenwoordigheid van hierdie Jesus van Nasaret ingestap. En so gou as wat Hy na hom gekyk het, het Hy gesê: “Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona.” Hy het sommer dadelik ’n polis uitgeneem. Hy het geweet dit was die Messias. Dit was die bevestigde Skrif van sy dag, die Messias. Hoe het die ander dit nie gesien nie?

108 Daar het een gestaan, die naam van Filippus, wat omtrent vyftien myl om die berg gegaan het, na ’n kêrel genaamd Natánael. Hulle het saam Bybelstudies gehad. Miskien was hulle gesprek iets soos hierdie, soos hy hom onder ’n boom gevind het, aan die bid. Hy het gesê: “Natánael.” Natuurlik, as ’n heer wat Jesus gevolg het; enige man wat Jesus volg, sal ’n heer wees. So hy het hom aan die bid gevind. Hy—hy het ’n oomblik gewag. Maar julle let op, hy het nooit met hom gepraat oor sy olyfboorde of sovoorts nie. Hy het reguit tot die punt gekom: “Kom, kyk Wie ons gevind het: Jesus van Nasaret, die seun van Josef.”

Gesê: “Nou, kan daar enigiets goeds uit Nasaret kom?”

Hy het gesê: “Kom, kyk.”

109 Dis die beste antwoord wat enige man ’n ander kan gee. “Kom, vind vir jouself uit. Moenie by die huis sit en kritiseer nie. Kom, ondersoek dit self.”

110 Op die pad om, kon hulle gesprek soos hierdie gewees het. Miskien het Natánael gesê: “Jy weet, ons het gesoek na ’n

Messias, vir jare. Jy weet, Filippus, hoe ons dit bestudeer het. Wel, ek glo as die Messias kom, sal God die gange in die Hemel trek en die groot gange laat afkom, die trappe reguit aan op (ons) die groot tempel binneplaas waar die Kajafas, ons hoëpriester is, en Hy sal sê: 'Ek is hier.'" Sien? Maar dis nie die manier wat die Skrif gesê het Hy sou kom nie.

111 Hy kom net op die manier wat die Skrif gesê het. Hy het gekom in 'n profeet net soos Moses was, 'n gewone man, 'n skaapwagter.

112 Let op, en toe hy in die teenwoordigheid van die Messias kom, en Hy was in die ry of het gebid vir die siekes, of wat ook al Hy gedoen het. Ons vind dat die Messias oorkyk na hom, en gesê: "Aanskou 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie."

113 Nou julle mag dink dis omdat Hy so aangetrek was. Maar onthou al die Oosterse mense het dieselfde aangetrek, tulband en baard, ensovoorts. Julle onthou, Jesus het saam met hulle gestap, ook, op die pad na Emmáüs, heeldag lank na Sy opstanding, en hulle het Hom nie eens geken nie. Hy was dieselfde manier aangetrek.

114 So ons vind uit dat in hierdie groot Teenwoordigheid van Hom, het hy gesê: "Rabbi." Hierdie goeie jong Hebreër het gesê: "Rabbi, van waar ken U my? Waarvandaan het U my ooit geken, geweet ek is 'n—'n Israeliet en eerlik, die reputasie wat ek het? U het my nooit tevore gesien nie. Hoe het U my geken?"

115 En Hy het gesê: "Voor Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien."

116 Hy het 'n polis uitgeneem. Aan Sy voete neergeval soos hierdie ander jong kêrel het, gesê: "Rabbi, U is die Seun van God. U is die Koning van Israel." Sy naam is onsterflik vandag.

117 Daar's 'n vroutjie, ek mag van haar praat as gevolg van die dames wat naby staan. Hierdie dametjie was nie soos julle nie. Sy het 'n—'n sedelike aanklag teen haar gehad, met die kerk. Miskien een of ander kind wat op die strate uitgegooi was, verkeerd. Miskien het haar ouers nie goed vir haar gesorg nie. Sy was 'n half Jood en Heiden. Sy was 'n Samaritaan.

118 Onthou, daar is net drie rasse mense, as ons Skrif reg is.

119 En God vergewe my om ooit te noem "of" Dit reg is. Dit is reg. Dis God Self. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." "Dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

So hierdie jong dame was uitgegooi.

120 Eers, mag ek Gam, Sem, en Jafet se mense verduidelik. Nou ons, die Heiden, ons was Heidene in daardie dae, ons het afgode aanbid, maar die Jood en Heidene het gesoek na 'n Messias. En Hy kom net na diegene wat na Hom soek.

121 Partymaal vandag, sê ons ons soek na Hom, en plaas miljoene en biljoene van dollars in dinge, en bou institute en dinge. Ek wonder. En sendelinge wat honger ly op die veld, waarvan ek weet, wat daarbuite vanaand preek, sonder 'n paar skoene aan. Ons plaas miljoene en miljoene dollars in onsin, en dan, wel, ons eie dade veroordeel ons getuienis.

122 Maar hier hierdie jong vrou, soos ons haar ken, sy was 'n Samaritaan. Jesus was op Sy pad na Jerigo, wat onder Jerusalem is. Maar Hy het omgegaan na Samaria, en by 'n stad genaamd Sigar gekom, en die dissipels ingestuur om lewensmiddele, voedsel te koop. En terwyl hulle weg was, het hierdie jong vrou nadergekom om water te kry, en Hy—Hy het vir haar gesê: "Bring vir My water."

123 En sy het omgekyk, Hom gesien as 'n Jood, het sy gesê: "Dis nie gebruiklik dat U dit vir my sou vra nie." Gesê: "U's 'n Jood."

124 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het wie met jou praat, sou jy vir My vir water gevra het. Ek sal vir jou water gee wat jy nie hiernatoe gekom het om te skep nie."

125 So het die gesprek voortgegaan, oor godsdiens, uiteindelik het Hy haar lewe gekontak, Hy het gesê: "Gaan kry jou man en kom hier."

Sy het gesê: "Ek het geen man nie."

126 Gesê: "Jy het die waarheid vertel. Jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef is nie jou man nie."

127 Nou 'n paar dae tevore, het die leraars en rabbi's van daardie dag, die mans wat beter behoort te geweet het, gesê: "Hy's Beëlsebub. Hy doen dit deur 'n bose gees." Hulle moes hulle gemeente antwoord. So hulle het opgemaak, gesê: "Dis 'n bose gees."

128 En Jesus het gesê: "Ek sal julle daarvoor vergewe," die versoening was nog nie gemaak nie. "Maar wanneer die Heilige Gees kom om dieselfde ding te doen, om Daarteen te spreek sal nooit vergewe word nie," en ons weet dit het gebeur toe Titus, nadat hulle die Heilige Gees verwerp het, het Titus die tempel verbrand en die Jode versprei na regoor die wêreld. En hulle kom net nou weer bymekaar, vervul die Skrif.

Nou, nou let op, nou hierdie jong vrou.

129 Toe, daardie Jode gesien het dit word gedoen, en Dit "'n bose gees, 'n onrein gees" genoem het, het die Bybel gesê: "die Gees van God genoem, wat die werk gedoen het, 'n onrein gees, 'n duiwel," soos 'n fortuinverteller of een of ander bose persoon.

130 En toe, vinnig, het hierdie vrou anders geweet. Toe Hy gesê: "Gaan kry jou man."

Sy het gesê: "Ek het geen."

131 Hy het gesê: "Jy het die waarheid vertel, want jy het vyf, en die een waarmee jy saamwoon, is nie jou man nie."

132 Kyk hierna. Vinnig het sy gesê: "Meneer, ek sien dat jy 'n profeet is." Onthou, hulle het geen profete vir amper vyfhonderd jaar gehad nie. Maleági was die laaste Hebreeuse profeet. "Ons, ons weet dat Messias kom, en hierdie sal die identifikasie van Messias wees. Ons weet, wanneer Hy kom, is dit wat Hy sal doen."

Jesus het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

133 En sy het 'n polis geneem. Uh-huh. En in die stad het sy ingegaan, om die goeie Nuus te versprei, dat sy die Messias gevind het. Sy het Ewige Lewe gehad omdat sy aan Hom geglo het. Hoe het sy geweet? Sy het gesien dat die identifikasie van die Skrif deur Hom gemanifesteer word.

134 "Ons weet dat, wanneer die Messias kom. Vierhonderd jaar het ons nie 'n profeet gehad nie, en, wanneer Hy kom, sal dit die volgende man op die toneel wees. Nou wanneer Hy kom, sal ons Hom ken, en Hy moet daardie selfde ding doen."

135 Gesê: "Ek is Hy." Sy het 'n polis geneem. Sy was daarin geïnteresseerd.

136 Nikodémus. Paar oomblikke, ter afsluiting nou. Nikodémus, 'n rabbi, man van omtrent tagtig jaar oud. Hy was oortuig dat daar iets omtrent Jesus was wat anders was as ander mans, so hy wou 'n polis hê. So hy het in die nag gekom, vir die polis, en hy het die bank oop gevind vir besigheid. Uh-huh.

137 Dis altyd oop. Dis oop by 'n banket. Dis oop daarbuite op die straat. Dis oop enige plek wat daar enigiemand gereed is om besigheid te doen, hierdie polis en die een wat dit hou.

Hy het gevind die bank is oop. Hy het 'n polis geneem.

138 Nou weet ons, in Lukas 24:49, nadat Jesus Sy dissipels gekies het, was hulle houers van die Ewige Lewe polis. So nou, julle weet, in die gewone versekeringspolis, betaal hulle altyd dividende. So hulle was alreeds aanvaar en gekies deur Jesus, so hulle het opgegaan na Jerusalem, gewag tot die Pinksterdag, om hulle dividende te kry. En dit het uitbetaal, met die doop van die Heilige Gees, en krag om Jesus Christus te manifesteer.

139 Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Ortodoks, wat ook al julle is, wat aanspraak maak om Christene te wees, waarom doen julle nie dieselfde nie? Julle glo aan Jesus Christus en word 'n lidmaat van die kerk, waarom gaan julle nie op na Pinkster, om julle dividende te kry, die krag van die Heilige Gees nie! Daardie polishouers het dit onttrek. Julle kan, ook. As julle dit glo en dit regtig glo.

140 Petrus wat met hulle gepraat het, het gesê: "Die belofte is aan julle en julle kinders, aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep." Hulle wou weet wat om te doen. Hy het gesê: "Bekeer julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, vir die vergifnis van julle sonde, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Dit was 'n belofte.

141 So as jy net 'n belyer is, vanaand, en nooit jou dividende onttrek het nie, waarom bring jy nie jou polis vanaand nie, my dit nie 'n rukkie met jou bespreek nie. Kniel vir 'n paar oomblikke saam met my en vind uit of dit nie so is nie. Wees opreg daaroor. Dit sal net nou uitbetaal, as jy regtig 'n polis het. Hy sal die polis herken, jou geloof, as jy sê dis in God. As dit in God is, en in Sy Woord, en nie in een of ander kerk of 'n denominasionele geloofsbelydenis nie, maar net glo in Jesus Christus, sal dit uitbetaal. Hy ken Sy Eie polis.

142 Nog 'n karakter inbring, net vir 'n paar oomblikke. Daar was nog 'n ryk Hebreër wat Jesus ontmoet het eendag na Sy dood, begrafnis, en opstanding.

143 As daar 'n Hebreër hier sou wees vanaand, of wie jy ook al is, Hy wat gekruisig is is nie enige verskoning maar dat jy Hom net hier kan ontmoet, net dieselfde soos—soos die ryk jongman Hom ontmoet het nie. As jy 'n polis wil hê, Hy is hier om besigheid te doen.

144 Daar was 'n man met die naam van Saulus, en hy was in al die groot leringe en tradisies van sy volk onderrig. Gamaliël was sy leermeester, een van die beste Hebreeuse leermeesters van die tyd. En Saul was so vurig hieroor, totdat hy Stefanus gestenig het, of Stefanus gesien het, of dit beveel het. Die jasse vasgehou van hulle, terwyl hy beveel het, gesag gehad het van die hoëpriester, om al daardie mense, van daardie polis in die tronk te gooi, omdat hy deur sy ouderlinge aangesê is, dat: "Hierdie Man geen profeet was nie. Daar was niks aan hierdie Man behalwe 'n radikale nie." En hy het briewe in sy sakke gehad, aan die afgaan, omdat hy gehoor het daar was party onder by Damaskus, wat daardie polis gehad het. En hulle het rente daarop getrek, en hulle het regtig dinge gedoen.

145 En die hoëpriester het vir hom gesê: "Saulus, jy is 'n vurige man. Neem hierdie gesag, van my, gaan daarnatoe en arresteer elkeen van hulle, want hulle is niks anders as radikale nie, daar's niks aan hulle nie. Gaan soontoe en bind hulle, en gooi hulle in die tronk. Jy moet hulle doodmaak, hulle doodmaak, dis in die haak. Gaan kry hulle!"

146 Saulus het gesê: "U edelagbare, meneer, heilige vader, ek sal gaan." Daar het hy gegaan.

147 Op sy pad soontoe, hy het omtrent elfuur in die dag gegaan, naby die stad. Meteens, het die Vuurkolom uit die hemele gekom, hom neergevel. En hy het opgestaan om te kyk, en daar was die Vuurkolom voor hom.

148 Nou om dit vir julle te bewys. Hy was 'n Hebreër, en hy sou nooit enigiets aanbid of enigiets Here genoem het behalwe as hy geweet het dit was die Here nie. En hy het geweet, as 'n leermeester onder Gamaliël, dat die Engel van die Here, wat die Logos was wat uit God uitgegaan het, wat Christus was wat hulle deur die woestyn gelei het, in die vorm van 'n Lig, 'n Vuurkolom was. En toe Dit hom getref het, en hy opgekyk het en Dit daar gesien het, het hy gesê: "Here." Nou, hy sou niks behalwe Daardie, Here genoem het nie. Maar, as 'n Hebreër, het hy geweet Dit was Jehova. Dis waarom hy die openbaring gehad het, kon sê dat Jesus van die Nuwe Testament Jehova van die Oue was. Dit was sy openbaring, want hy het Jehova gesien. En hy het gesê: "Here, Wie is U?"

149 Hy het gesê: "Ek is Jesus, en dis hard vir jou om teen die prikkels te skop." En hy het 'n polis uitgeneem.

150 Vergelyk die twee manne met mekaar. Een ryk jong Hebreër wat wou vashou aan hulle tradisies; 'n ander een wat oortuig was. Een van hulle het Hom as 'n man gesien, dat God vlees geword het om te sterf om die sonde weg te neem.

151 Die bloed van lammers en dinge, die lewe wat daarin was, kon nie op die gelowige kom nie, want dis 'n lam se lewe, dit het geen siel daarin nie, 'n dierelewe. Maar hierdie was God Self, en, dan word ons gebore uit daardie Gees, ons is seuns en dogters van God, die Lewe wat op ons Offer was.

Vergelyk die twee mans met mekaar.

152 Gesien dat Dit bevestig word, dat God in Christus was. Dieselfde Vuurkolom wat sy volk deur die woestyn gebring het, en hulle tot daar gebring het, hulle die heelpad gevoed het. Onthou, toe Jesus op aarde was, het Hy gesê: "Ek kom van God, en Ek gaan na God." Hy was die Vuurkolom wat die kinders deur die woestyn geneem het.

153 Die Bybel het gesê, dat: "Moses die rykdom van Christus groter rykdom geag het as dit van Egipte." Hy het Egipte verlaat, om Christus te volg.

154 Toe Hy hier was, was daardie Vuurkolom verteenwoordig in Hom, God. Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie. Die werke sê vir julle wat Ek veronderstel is om te doen. As Ek dit nie doen nie, moet dit dan nie glo nie. Maar as julle My nie kan glo nie . . . "

Hulle het gesê: "Jy's—Jy's 'n man wat jouself God maak."

155 Gesê: "As julle My nie kan glo, as 'n Man nie, glo die werke. Hulle getuig van My." Sien?

156 Nou, toe Hy dood was, begrawe, opgestaan, opgevaar het, hier vind ons Hom weer in daardie Vuurkolom. Hy het van God gekom, en na God gegaan.

157 Hy is steeds dieselfde Een, dieselfde Een nou. Let op, sekerlik, dieselfde Een wat Hy was.

158 En toe Paulus, of Saulus toe, erken het dat God Jehova, die Vuurkolom van die Ou Testament, Homself Jesus genoem het, het hy sy polis uitgeneem. Hy was toe daarvoor gereed.

159 Wat 'n onbesonne besluit vir daardie jong man! Wat 'n. . .Hoe hy moes. . .Wat, hoe kon hy dit doen? [Leë kol op band.]

160 Wat sou jy gee in ruil vir jou siel? Na al jou geboue, en jy—jy laat dit na vir jou familie om oor te baklei, en alles, wat van daardie siel en waar jy gaan wees? Onthou, jy sal iewers wees, duisende jare van vanaand af. Hierdie mag 'n tyd wees vir jou om 'n besluit te maak.

161 Let op wat 'n onbesonne fout hierdie sake-. . .Wat 'n—wat 'n swak sakeman was hy, om te probeer vashou aan 'n tradisie, wanneer dit aan hom bewys en bevestig was dat Hier Ewige Lewe was, en hy dieselfde gesien het deur Jesus daaroor te vra.

162 Paulus het dit aanvaar. Ons weet hoe hy uitgekom het. Soos die mense van die dag, hulle hou van die gewilde opinie, en van die mens se lof in plaas van die eer van God. Paulus het nie omgegee vir die lof van die mens nie. Hy wou die eer van God hê.

163 Laat ons die jong seun volg net 'n oomblik voor ons afsluit. Laat ons hom volg. Ons vind die volgende plek, dat, hierdie jong kêrel, julle weet wat met hom gebeur het? Hy het nooit 'n armlastige geword, deur dit te doen nie. Hy het nooit 'n bedelaar op die straat geword nie. Hy het verryk geword. Hy het die geleentheid van die hand gewys.

164 Baiekeer, sal mense vandag lag en spot met die Heilige Gees, dan voortgaan en groei in hulle besigheid. Julle weet, verskoon hierdie uitdrukking. . .Maar wanneer hulle lag, sê: "Wel, kyk, ek! As daar enigiets Daaraan is, sien, wel, sou dit met my gebeur het, iets sou met my gebeur het."

165 Julle weet, daar is 'n—'n—'n gesegde, dat: "Dwase sal loop met spykerskoene wat Engele vrees om te trap."

166 Hierdie jongman het dit omtrent gedoen. Sien? Hy het 'n—'n verskriklike fout gemaak, en ons vind uit dat dit nooit sy besigheid gehinder het nie. Hy het gegroei. Hy het meer gewild geword, meer goedere gekry. Ons vind uit, naderhand, dat hy so groot geword het totdat hy selfs nuwe skure moes bou om sy goed in te sit.

167 En omdat die kerk die Heilige Gees van die hand gewys het, in hierdie laaste dae, het dit gegroei. En nou gaan julle in

die Ekumeniese Raad in, net presies wat die Bybel gesê het julle sou doen. Nou's julle regtig Laodicea: "ryk en verryk geword," net presies soos die jongman was.

168 Hy was 'n tipe van die kerk, wat verwerp het. Paulus was 'n tipe van die een wat ontvang het. Beide van hulle het die geleentheid gehad, soos julle vanaand het, en ek het.

169 Hy het verryk geword. So het die kerk, die Laodicea Eeu, verryk geword. En onthou, hy het so groot geword, totdat hy so gewild geword het, totdat selfs die heersers, die groot mense begin inkom het. En hy het 'n groot banket opgestel, eenkeer.

170 En daar was 'n houer van die Ewige Lewe polis by sy basaar, en ons vind uit dat hy by die deur gelê het. O, hy 'n paar krummels mag afvee na hom. Hy het weer die geleentheid gehad, 'n getuie, Lasarus wat aan hom getuig het. Hy het net die krummels afgevee: "O, wel, ek sal dit probeer, neem hierdie vyf-en-twintig sent, of wat ook al," julle weet. Dis omtrent die gesindheid van 1964. "O, ek sal 'n bietjie help. Dis alles reg, laat hom net gaan, sien."

171 Maar hy het die polis gehad. "Die arme van gees," Matthéüs 5 sê vir ons dis die een: "aan hulle behoort die Koninkryk van die Hemel."

172 Hy het voortgegaan om verryk te word, en groter en meer gewild te word, en 'n groot man, maar sy uitbetaling het uiteindelik gekom. Dit het uiteindelik gekom. Op aarde het hy 'n groot uitbetaling gehad. Hy't 'n groot begrafnisdiens gehad, sonder twyfel. Die groot denominasionele prediker het gekom, waarskynlik groot woorde oor hom gespreek. Hulle mag die vlag halfmas laat waai het. Goeie sakemanne het hom na sy begrafnis gedra. Maar die Bybel het gesê: "in die hel," het sy uitbetaling gekom vir die verwerping van die Ewige Lewe polis.

173 "In die hel het hy sy oë opgelig, in die pyniging." En hy het gekyk oor die groot kloof, wat Jesus gesê het geen mens ooit oor gegaan het of sal nie, en hy het die polishouer van die Ewige Lewe gevind, getroos, aan die ander kant. Beide van hulle. Een het Dit ontvang. Beide het hulle uitbetaling gekry. Die krummelveër het die uitbetaling gehad. En nou word die ryk man die bedelaar: "Laat die polishouer terugkom en my lippe aanraak met 'n—'n bietjie water, want hierdie vlamme teister my."

174 Moenie dieselfde fout maak nie, sakeman. Jy is sterflik net soos hulle was. Jy moet 'n besluit maak. Maak jou belegging nou. Maak dit seker. "Maak jou uitverkiesing, roeping seker." Neem een van die polisse uit.

175 Kyk nog net—net 'n oomblik of twee, as julle kan. Toe Moses, wat verlaat het, as 'n koning van Egipte, 'n Farao, die

smaad van Christus geag het. Farao het uitgekyk oor daardie volk as 'n klomp moddertrappers, maar Moses het na hulle gekyk as die volk met 'n belofte.

Hoe kyk jy na hulle, God se mense?

176 Moses het sy uitbetaling gekry. Kyk na sy draers. Die Bybel het gesê hulle was "Engele." Waarom? Niemand anders kon hom neem na waar hy gegaan het nie. Hulle was sy draers.

177 Daar was Elía in die tyd toe al die vroue hulle hare gesny het, soos Mev. Kennedy en hulle vandag maak. Hulle gesigte geverf, 'n Isébel. 'n Koning en al die mense het wêrelds geword; die kerk het, ook. En God het 'n profeet ingestuur, met die naam van Elía, om daardie ding te veroordeel. Nadat hy oud geword het en moeg, hy gereed was om Huis toe te gaan, hy het nie eens nodig gehad om te sterf nie. Sy uitbetaling het ook gekom. God het net vir hom 'n wa afgestuur, en 'n paar perde, en hom in die Hemele opgedra.

178 Stefanus, wie by die Sanhédrin gestaan het, uitgespreek het teen hulle, en gesê het: "O, julle hardnekkiges, onbesnedenes van hart en ore, wat die polis verwerp, julle weerstaan altyd die Heilige Gees. Soos julle vaders het, so maak julle ook." By sy dood, het hy 'n uitbetaling gekry. Hy het opgekyk en die Hemele geopen gesien, Jesus wat aan die regterkant staan.

179 Moody, die laaste dae, omtrent 'n honderd jaar gelede, 'n klein Chicago skoenmaker, kon skaars sy naam skryf. Koerant het gestuur om 'n onderhoud met Moody te doen, eenkeer. Sy bediening was so uitstaande, hulle wou sien dat hy in die koerant sit wat dit gemaak het; wat dit was omtrent Moody, watter soort prediker hy moes wees, en 'n dinamiese prediker. So hulle het gestuur vir 'n onderhoud, om in hulle artikel te skryf. En Moody kon dit nie eens lees nadat hulle dit geskryf het nie, so sy bestuurder moes dit vir hom lees. En hy het gesê . . .

180 Hier is hoe die artikel gelui het. Dit het gesê: "Waarom enigiemand sou gaan om Dwight Moody te hoor preek, is meer as wat ek kan sê." Gesê: "Die eerste ding, hy is die lelikste man wat ek ooit gesien het, kaalkop en wangbaarde wat afhang." En gesê: "Hy's so—hy's so groot rondom soos wat hy lank is." En het gesê: "Wanneer hy probeer preek, kan hy nie lees nie. En hy hyg wanneer hy preek, praat deur sy neus, en lispel."

181 Toe hy klaar is, het Mnr. Moody net sy skouers opgetrek, en gesê: "Beslis nie. Hulle het gekom om Christus te sien." So dit was dit. Maak nie saak wat die kritici was nie, hy het 'n polis gehad.

182 En toe hy sterwend was, en die dokter gesê het: "Dis dood wat getref het, Mnr. Moody."

183 Hy het opgelig, hy het gesê: "Noem jy dit dood? Hierdie is my kroningsdag." Sien? Hy het die polis gehad.

184 My goeie vriend, Paul Rader. Toe ek 'n seuntjie was, ek was—ek was geordineer in die Baptiste Sendingkerk, en Paul Rader was ook 'n Sending Baptis, so, Fort Wayne, toe ek altyd gegaan het om hom te hoor preek. Later, hier oorgekom op die Weskus en soveel probleme gekry, en uiteindelik is dit probleme wat hom siek gemaak het, uiteindelik tot kanker gelei het, en hy was sterwend. Hy en Luke het hulle hele lewe saamgegaan, bymekaar gebly soos ek en my seun.

185 So toe Paul sterwend was, het die Moody Bybel Instituut 'n kwartet soontoe gestuur, en hulle het daar gestaan. Paul het 'n humorsin gehad. En hy was...Die magtige klein...klein Moody Bybel Instituut, met hierdie koor, het soontoe gestuur, met 'n kwartet, en hulle het gesing: "*Nader, My God, By U.*"

186 Paul het omgedraai en die laken van hom afgegooi. Hy het gesê: "Wie sterf, ek of julle?" Sien? Hy het gesê: "Rol op daardie blindings, en sing vir my goeie vinnige Evangelie liedere." En hulle het begin sing:

Daar by die kruis het my Verlosser gesterf,
Daar het ek om reiniging van sonde geroep;
Daar aan my hart is die Bloed gewend;
Ere sy Sy Naam!

187 Paul het gesê: "Waar is my broer, Luke?" Luke was in die volgende kamer. Hy wou nie sy broer sien sterf nie. Gesê: "Sê vir hom om hiernatoe te kom."

188 So Luke het ingestap. Baie van julle het hom geken, groot gesette kêrel. Hy het ingestap. Paul het sy hand uitgesteek, op die bed gelê, en Luke aan die hand geneem en in sy gesig opgekyk, gesê: "Luke, ons het 'n lang pad saamgekom. Maar dink daaraan, Luke, binne vyf minute van nou af, sal ek in die Teenwoordigheid van Jesus Christus staan, geklee in Sy geregtigheid." Aan die vashou aan sy broer se hande, het sy polis uitbetaal.

189 Ou Doktor Bosworth, wat die laaste keer hier was, saam met my, voor die laaste keer, vier-en-tagtig jaar oud, pas teruggekeer van Afrika af. Ek het 'n oproep gehad om "te kom na Miami." Ek het my bande van my motor afgeskeur, omtrent, om daar te kom. Gesê: "Hy was sterwend." Ek het gejaag na hom. Ek het geweet hy was 'n polishouer. Ek het afgegaan.

190 Ek het in die kamer ingegaan daar. Die klein kaalkop kêrel met sy arms op, sy klein maer armpies. Ek het na hom gehardloop en op my gesig geval, en geskree: "My vader, my vader, die strydwaens van Israel en die perderuiters daarvan!" Sy hande op my geplaas en my geseën.

Ek het gesê: "Broer Bosworth, kan ek vir jou bid?"

Gesê: "Nee." Gesê: "Ek is nie siek nie."

Ek het gesê: "Wat's fout, Broer Bosworth?"

Gesê: "Ek gaan net Huis toe."

191 Ek het gesê: "Ek het dit geweet." En ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra, Broer Bosworth." Ek het gesê: "Wanneer was die grootste tyd van jou lewe en jou bediening? Jy het God gedien voordat ek gebore is. Ons was saam op die sendingvelde. Ons was in storms, in die lug en op die see. Jy het by my gestaan toe ek duiwels aan elke kant gesien het, en toordokters. En watter groot sensasie was dit nie toe ons God hulle sien verlam het wat daar gestaan het nie. Wat was die grootste sensasie van jou lewe?"

192 Hy het gesê: "Net nou." Hy was gereed om sy polis uit te betaal. Hy het gesê: "Alles waarvoor ek gelewe het, Broer Branham, was vir Jesus Christus, en enige oomblik gaan Hy by die deur instap om my Huis toe te vat."

193 Ja, daardie was polishouers wat alles gegee het wat hulle gehad het, en dit belê het in die Pêrel van grootste ware. Wil julle nie ook belê, vanaand, terwyl ons ons hoofde buig nie?

194 Ek kan nie oor die gehoor sien nie. Ek weet nie wat is. . .hoeveel of wie inkyk, in die geslote baan televisie vanaand nie. Ek gaan jou vra, vriend, moenie dat hierdie ydele woorde wees nie. Jy is 'n sterfling. Jy moet sterf. Jy weet dit. En dit mag wees dat jou tyd voor die oggend sal aanbreek. Ek's nie. . .'n persoon wat te veel oorreed nie; en, want Jesus het gesê: "Almal wat die Vader My gegee het, sal kom." As daar 'n plek in die hart is vir daardie polis, vanaand, sal jy nie Dit aanvaar nie? Daardie polis is Christus, God se liefdesoffer polis vir jou, Sy Woord om lewendig in jou hart te word, jou 'n deel van Hom te maak. Hy is die Woord. Aanvaar Hom in jou lewe. Sal jy dit nie doen, en hierdie groot belegging maak nie?

195 Sover ek kan sien, ek kan nie meer as omtrent tien voet voor my sien, of vyftien nie. Ek gaan vir julle vra om julle hande op te steek as julle een van die Ewige Lewe polisse wil ontvang. Sê: "Ek wil dit hê, Broer Branham. Onthou my net in jou gebede. Jy sien nie my hand nie, maar God wel."

196 Ons Hemelse Vader, hierdie eenvoudige, kru, tog ware storie van die lewe. Ek het dit so gespreek, Here, omdat mense, sakemense, meer sou verstaan op die manier van iets wat verteenwoordig word hier op aarde. Dis waarom ek dit 'n polis noem. Vergewe my as ek verkeerd was om dit so te noem. Want, ons is nou in 'n—'n ware gewyde oomblik, waar sonder twyfel dat daar baie ernstig dink nou, in die wete dat hulle ook 'n uitbetaling moet hê op wat ook al hulle hier het, en hulle sien wat dit beteken om van die hand te wys.

197 Nou, daardie jongman, sover ek weet, miskien so gewild onder die mense, hy't in die kerk gebly, hy't die gebooie onderhou, hy't nie owerspel gepleeg, of gesteel, of daardie dinge gedoen nie, maar in sy eie hart het hy geweet dat hy nie die Ewige Lewe gehad het nie. Maak diegene, Here, wat U probeer ontmoet vir die Ewige Lewe, met net daardie morele eienskappe, mag hulle vanaand die uitnodiging aanvaar, en net op hulle voete bly en sê: "Here, ek sal enigiets doen wat U my vra om te doen." Skenk dit, Here.

198 Hulle is nou almal U s'n. Ek vertrou alles toe aan U. En as die saad enige plek geval het, Here, op enige grond, enige voorbestemde saad, wat vir baie jare gehonger en gedors het, dit mag geval het op 'n paar iewers vanaand. Mag hulle die Lewe ontvang, Vader, want ek vra dit in Jesus Christus se Naam.

199 En met ons hoofde die heeltyd gebuig, gaan ek vir Broer Pearry vra, as hy sal, om hier te kom en te bly, die res van die diens te neem.

DIE BELEGGINGS AFR64-0314
(The Investments)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 14 Maart 1964 vir die Sakemanswaarderingsbanket by die Beaumont Hotel in Beaumont, Texas, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
P.O. BOX 178, SOMERSET WEST, 7129 CAPE PROVINCE,
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org